RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za kontak@volksraad.co.za
Posbus 1221, Rayton, 1001 Tel: 012 940 4271

Nommer 3 Dinsdag 9 Julie 2013

Errata

Raadskoerant No. 2 van 25 Junie 2013:
p. 2, kolom 1: Die datums 17 Oktober 2013 en 30 November 2013 moet onderskeidelik lees: 17 Oktober 2012 en 30 November 2012;
p. 2, kolom 2: 13 Mei moet lees 13 Mei 2013;
p. 3, kolom 1: 21 Mei moet lees 21 Mei 2013;
p. 3, kolom 1: die laaste paragraaf moet lees: Daarbenewens het mnr. Henk van de Graaf in 2012 en 2013 namens die Volksraad....
p. 3, kolom 2: 13 Oktober moet lees 13 Oktober 2012;
p. 3, kolom 2: die tweede paragraaf moet lees: Mnr. Tiaan Theron het in Januarie 2013 'n besoek aan Israel gebring...

VOLKSRAADKENNISGEWING

Die gewone kwartaallikse vergadering van die Boere-Afrikanervolksraad sal D.V. op SATERDAG, 13 JULIE 2013 om 09:00 te Kleinfontein plaasvind.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 8 Julie 2013

Antwoord van Internasionale Geregshof op Volksmoordklag

Onderstaande antwoord op die klag van volksmoord wat die Verkennersbeweging en ander volksorganisasies by die Internasionale Geregshof in Den Haag teen die ANC en die Regering van Suid-Afrika aanhangig gemaak het, is ontvang:

Our Reference: OTP-CR-31/12

The Hague, 04 June 2013

Dear Sir or Madam,

On behalf of the Prosecutor, I thank you again for your communication received on 01/02/2012, as well as any subsequent related information.

In our letter to you on 26/06/2012, we advised that the Office would carry out an analysis of the allegations in your communication. As we noted, meaningful analysis can take some time. Under Article 53 of the Rome Statute, the Prosecutor must consider whether there is a reasonable basis to believe that crimes within the jurisdiction of the Court have been committed, whether national systems are investigating and prosecuting the relevant crimes, and whether the interests of justice would be served by an investigation. The Prosecutor must also consider the gravity of the alleged crimes.

Accordingly, we have continued with the analysis of your communication, based on the information you provided as well as other readily available information. Following this analysis, I advise you that the matters described in your communication do not appear to fall within the jurisdiction of the Court.

The International Criminal Court is entrusted with a very specific and carefully defined jurisdiction and mandate under the Rome Statute. One fundamental feature of the Rome Statute (Article 11) is that the Court may only exercise jurisdiction over crimes committed after the entry into force of the Rome Statute, on 1 July 2002 or following the ratification of the Statute by the State concerned. Another fundamental feature is that the Court may only exercise jurisdiction over the most serious crimes of concern to the international community as a whole, namely genocide, crimes against humanity and war crimes. These crimes are carefully defined in the Rome Statute (Articles 6 to 8) and are further elaborated in the Elements of Crimes, adopted by the Assembly of States Parties.

Based on the information currently available, the allegations described in your communication do not appear to fall within the Court's subject-matter jurisdiction. In other words, the conduct described does not appear to meet the definition of genocide, crimes against humanity or war crimes as defined in Articles 6 to 8 of the Rome Statute and as further elaborated in the Elements of Crimes.

The Prosecutor has therefore determined that there is not a basis at this time to proceed with further analysis. However, the information you have submitted will be maintained in our archives, and the

decision not to proceed may be reconsidered in the light of new facts or information.

I am grateful for your interest in the ICC and I regret that we could not be of assistance. I hope you will appreciate that with the defined jurisdiction of the Court, many allegations will be beyond the reach of this institution. In this regard, please also note that the ICC is designed to complement, not replace national jurisdictions. Thus, you may wish to continue raising your concerns with other appropriate national or international authorities.

Yours sincerely,

M.P. Dillon
Head of the Information & Evidence Unit
Office of the Prosecutor

Die Verkennersbeweging van Suid-Afrika
Die Afrikanerfront
Herstigte Nasionale Party
The Boer Afrikaner People
ben@hvo.co.za

BEN GELDENHUYS
President,
Verkennersbeweging van Suid-Afrika

Kleinfontein, 4 Junie 2013

Verklaring

uitgereik na aanleiding van die bostaande skrywe van die Internasionale Geregshof

Antwoord uit Den Haag

In Februarie 2012 het die Verkennersbeweging van Suid-Afrika ‘n klag van volksmoord teen die ANC regering en sy ministers ingedien by die Internasionale Kriminele hof (ICC) in den Haag. Hierdie klag is ingedien in terme van die *Roomse statuut*. Verskeie organisasies het hulle in tussen gevoeg as partye tot die saak, waaronder die Afrikanerfront (en al sy lid organisasies), die HNP en die Boere-Afrikanervolksraad.

Op die 7de Junie 2013 het die Verkennersbeweging ‘n skrywe van die ICC ontvang waarin die ICC die Beweging in kennis gestel het dat volgens die ondersoekbeampte, die klagte nie binne die ICC se jurisdiksie val nie en dat die ondersoekbeampte van mening is dat daar nie ‘n volksmoord gepleeg word nie. Gevolglik het die ondersoekbeampte besluit om nie tans met die ondersoek voort te gaan nie. Die deur is egter oop gelaat dat die ondersoek sal voortgaan indien nuwe inligting en/of feite aan die ICC gestuur word.

Wat belangrik is van die skrywe, is ook dit wat nie geskryf is nie. Die ANC regering is byvoorbeeld nie kwytgeskeld van skuld in hierdie skrywe nie. Ook is dit belangrik dat die deur nie toegemaak is nie. *Volgens die regsmening van die Verkennersbeweging se regspan, voldoen die klagte wel aan die vereistes soos gestel in artikel 6 tot 8 van die Roomse statuut. Gevolglik is daar opdrag aan die regspan gegee om sodanige antwoord op die skrywe van die ICC te rig en ook om verdere bewyse dat daar wel tans volksmoord plaasvind, aan te heg.*

BEN GELDENHUYS
President,
Verkennersbeweging van Suid-Afrika

Kleinfontein, 12 Junie 2013

Kennisgewing

AWB 40 jaar oud

Die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) het Saterdag 6 Julie 2013 sy 40ste bestaansjaar herdenk met 'n parade waartydens sertifikate van verdienste en medaljes aan 'n aantal offisiere en ander lede van die Beweging oorhandig is.

Die AWB is op 7 Julie 1973 te Heidelberg, Transvaal gestig om weerstand te bied teen die linkse politiek van die toenmalige Nasionale Partyregering en om vir die Boere-Afrikanervolk 'n alternatief vir die Britse Westminsterstelsel daar te stel.

S. VAN RÖNGE
Leier: Afrikaner Weerstandsbeweging,

Pretoria, 8 Julie 2013

Kennisgewing

Sportbande tussen Kleinfontein Orania

Saterdag 22 Junie 2013 het Kleinfontein se Krygers-rugbyspan in Orania die onderspit gedelf teen Orania se Rebelle. Die telling was 20 – 12 in laasgenoemde se guns. Daarenteen het die Kleinfontein Kiewiete die Oranzies in 'n netbalwedstryd met 24 – 11 gewen. Die spanne ding jaarliks mee om die Volkstaatbeker.

Dié sportbande is 'n gesonde ontwikkeling wat

verlede jaar tot stand gekom het toe die eerste rugbywedstryd tussen die twee volkseie nedersettings plaasgevind het. Die Kleinfontein Krygers het toe die wedstryd op hul tuisveld gewen.

BEN GELDENHUYS
Afrigter: Kleinfontein Krygers

Kleinfontein, 24 Junie 2013

Verklaring

Orania en Mandela

Terwyl die Boere-Afrikanervolksraad en talle volksgenote dit eens is met Orania en die vryheidstrewe waarmee die nedersetting geassosieer word, repudieer ons mnr. Carel Boshoff se verklaring in die Orania-Nuusbrief van 2 Julie 2013.

Groot klem word in die verklaring en die voorafgaande verduidelikende perspektiewe geplaas op Mandela se "nalatenskap van erkenning en versoening":

- *erkenning* deur "Mandela en sy regering" van Orania as "die belangrikste konkrete beliggaming van die Afrikaner se vryheidstrewe"; en
- *versoening*, waardeur "die moontlikheid van volskaalse gewapende konflik in Suid-Afrika, waarby Afrikaners noodwendig groot skade sou ly,... deels... afgeweer (is)" en "ons in staat gestel (is) om ons vryheid langs vreedsame en opbouende weg na te streef."

In een van die bewysstukke wat tydens die Rivonia-verhoor voorgelê is, het Mandela geskryf:

> "...in ons land word die stryd van die verdrukte massas gelei deur die S.A. Kommunistiese Party en begeester deur sy beleid... Die volk ('*people*') van Suid-Afrika, gelei deur die S.A. Kommunistiese Party, sal die kapitalistiese samelewing vernietig en in sy plek sosialisme bou. Die oorgang kan nie bewerkstellig word deur stadige veranderings of deur hervormings... nie, maar deur rewolusie. 'n Mens moet daarom 'n revolusionêr wees en nie 'n hervormer nie."

Omdat wyle dr. Verwoerd grondig begryp het watter rampspoedige gevolge dié soort denke en strewe asook die manier waarop dit teweeg gebring sou word, vir die beskawing en die blankes in Suid-Afrika ingehou het, het hy in reaksie op suggesties dat Mandela nog die leier van die toekoms kon word, gesê:

> "Hierdie mense is misdadigers, Kommunistiese misdadigers... God verhoed dit".

Hoe reg dr. Verwoerd die saak vooruitgesien en beoordeel het, word deur die geskiedenis van die afgelope twintig jaar bevestig. Mandela en sy geesgenootlike opvolgers se optrede loënstraf die beweerde *erkenning* en *versoening*. Nooit het dit hulle daartoe gebring om die Boere-Afrikanervolk se reg op vryheid te erken of die voortgaande moord op ons volk, waardeur ons van ons ganse eiendomlike beroof word, te veroordeel nie, laat staan nog te stop. Inteendeel, ons aandrang op vryheid word geïgnoreer en die moord op ons volk word ontken en deur hulle optrede effektief aangemoedig.

Mandela se gebare van "versoening" is om ons volk in sy onderwerping ná De Klerk se vernederende kapitulasie te hoon. Dit herinner sterk aan die konsentrasiekampmoordenaar en landverwoester, lord Kitchener se "versoenende" handreik na genl. De Wet, ná die Boereleiers se gedwonge ondertekening van die Vereenigingse Vredesverdrag, met die woorde: "we are good friends now". De Wet het hom geïgnoreer en die nag ingestap, diep bedroef oor die verlies van sy vaderland, na al die lyding en dood wat sy volk getrotseer het om dit te behou.

Wat beteken erkenning van Orania nadat 'n hele volk sy vryheid en sy vaderland verloor het, en onder 'n Grondwet ingedwing is wat ons volk se ganse geestelike grondslag verloën en geen moontlikheid daarstel om op konstitusionele wyse weer daaronder uit te kom nie?

Hoe sterk die Volksraad hom ook al met Orania en Kleinfontein vereenselwig, moet ons perspektief behou en besef dat dié nedersettings, wat nie eers volwaardige dorpe is nie, 'n karikatuur is van die vryheidsideaal waarvoor ons voorouers 175 jaar gelede hul geboorteland verlaat en die wildernis ingetrek het.

Ons volk se vryheidstrewe sal geen skade ly as diegene wat nie kans sien om hulle teenoor Mandela se politiek testament op te stel nie, dan maar liewer daaroor swyg nie, want onnodige verklarings skep die indruk dat daar meegesing wil word in die koor van roubeklaers om tog ook maar gehoor te word. Ofskoon die media

die ou terroris wêreldwyd tot 'n afgod verhef het, het ons volk niks aan hom nie.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 5 Julie 2013

Die Raadskoerant

WORD PERIODIEK GEPUBLISEER OM VOLKSGENOTE OOR DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD EN GEBEURTENISSE VAN BELANG OP DIE VOLKSAKKER IN TE LIG.

Die publikasie word per vonkpos versprei aan geregistreerde kiesers op die Volksraad Verkiesing Kommissie (VVK) se kieserslys en ander volksgenote wie se vonkposadresse bekend is. Persone wat op die verspreidingslys geplaas wil word, kan hul besonderhede na die Volksraad se vonkposadres stuur.

Volksorganisasies en organiseerders van kultuur- en ander toepaslike aktiwiteite is welkom om die Volksraad daaroor in te lig vir publikasie daarvan in die *Raadskoerant*.

Kopiereg word nie op die *Raadskoerant* voorbehou nie en dit mag vryelik gedupliseer en versprei word.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 8 Julie 2013

Die Vaste Fondament

"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?"

"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here, en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."

2 Korintiërs 6: 14, 17-18